*Keer terug na die Teenwoordigheid van God*

# Deo Credo Kwartaal blad

## Mei – Julie 2026



**Romeine 12: 2a En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie.**

**WEES ANDERS, STAAN UIT, WEES ONDERSKEIDELIK**

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| GEDAGTE VIR U<br>Pastoor Gerard | 3 |
| VROUEAKSIE<br>Pastoor Belinda | 4 |
| GOUE GERWE<br>Pastoor Jacques | 5 - 7 |
| KRUISTOG<br>Eben Gerber | 8 - 10 |
| CREDO JEUG<br>Damian Pienaar | 11 |
| KINDERKERK<br>Pastoor Belinda | 12 - 13 |
| EL SADDAI BERADING<br>Brigitte Lombard | 14 |
| DIENSTYE & INLIGTING | 15 - 16 |
| VERJAARSDAE & HERDENKINGS | 17 - 19 |


**Bankbesonderhede:**

**Standard bank**

**Deo Credo**

**Tjek no: 021 894 981**

**Tak no: 014737**

Sonder U Gees kan ons nie.

Dit is vit my ‘n groot voorreg om hierdie kwartaal blad met u te kom deel wat ek by die Here ontvang het. Hierdie jaar het met ‘n “ Bang” afgeskop. Elke departement is goed aan die gang. Ons het ook hierdie kwartaal ‘n 1000 huise bereik deur om vlaggies te plant. Dit maak my opgewonde vir dit wat nog gaan gebeur.

Hierdie Jaar se tema van Gemeente en PPK kerk is “ Huisves die teenwoordigheid van God”
Soveel dienste is nou al gebring oor die onderwerp en ek glo dat baie mense verander het.
Ons as kinders van die Here is anders as die wêreld. In Esegiël 37 kom vra die Here vir Esegiël “ Kan hierdie bene lewe” ‘n groot vraag vir iemand wat net lewelose bene in ‘n laagte sien, maar deur sy geloof in God het hy geweet dat die Here hom nie net ‘n vraag gaan vra sonder dat daar ‘n antwoord sou wees nie.

Sonder om te huiwer gee hy die antwoord ja Here U weet dit. ‘n Onverskrokke antwoord sonder enige pose tussen is , ‘n reaksie van vertroue en oorwinning. Hy het geweet dat sonder die Gees kan hierdie dinge nie gebeur nie. Geliefde Kind van die Here mag ons by die besef kom dat sonder die Heilige Gees gaan die Kerk uitsterf en is dit Dood. Ons moet al ons vertoiing en goedjies wat ons aandag wegvat uit die pad kry. Ons het nodig om weer Gees gedrewe te wees , afhanklik van God.


Kom ons as gemeente koop die tyd uit en betree die grondgebied wat God vir ons uitgewys het. Ons tentpenne is wyer ingeslaan ons seile is stuiwer gespan en is gereed vir die Herlewing wat gaan plaasvind.

Siele om te wen en ‘n skare om te voed, kom ons werk vir Koning Jesus

Maranatha “ Jesus Kom Weer”
Groete Past Gerard Botha

## Slim Dogtertjie

Eendag was daar 'n dogtertjie wat aanhoudend haar pa gepla het met allerhande vrae terwyl hy besig was om sy koerant te lees.......Om haar besig te hou, het haar pa 'n wêreldkaart uit 'n geestelike tydskrif geneem en dit in klein stukkies geskeur... "Toe" het hy gesê: "Gaan kyk of jy weer die stukkies bymekaar kan sit sodat die wêreld weer heel kan wees". Sy was nie lank weg nie, toe is sy terug; elke stukkie van die wêreldkaart presies op sy plek...
Die pa wat geweet het sy dogtertjies is te klein om aardrykskunde te ken, was verbaas. "hoe het jy dit so gou reggekry?" het hy gevra en sy koerant neergesit. "O dit was maklik," het die dogtertjie geantwoord. "Agter op die kaart was 'n prent van Jesus. Toe ek al die stukkies van Jesus in plek het, het die wêreld vanself reggekom." Net so is dit met die wêreld van vandag gesteld. As Jesus Sy regmatige plek in ons lewens beklee, sal die wêreld vanself regkom!!



# ~ Goue Gerwe Blad ~

## Van Troon tot Hart

Onlangs het ons die Kruisiging, Dood en Opstanding van Jesus gevier. Vandag meer as 2000 jaar later kan ons steeds getuig dat Jesus leef, Hy regeer en Hy leef hier in ons hart deur die bediening van die Heilige Gees.
Binnekort vier ons Hemelvaart, iets wat die wêreld verkies om te versuim en of te aanvaar. Die kind van God vier Hemelvaart waarby Jesus Christus weereens verhoog word as die Koning van ons hart. Jesus het gesê Hy gaan om vir ons plek voor te berei en waarby Hy die belofte maak dat Hy 'n Trooster sal stuur wat by ons sal kom inwoon.
God huisves Sy teenwoordigheid in ons midde; 'n bewys dat Hy nie afskeid geneem het van die mens nie, maar 'n belofte vervul wat soveel nader gekom het. Die kind van die Here leef met krag in totale oorwinning. Ons woorde en dade moet krag dra in die Here; ons is immers die liggaam van Christus hier op aarde met 'n spesifieke doel.
Ons bestaan en lewe is onder Sy gesag. Gee Hom dan alles, plaas alles onder Sy heerskappy en jy sal daagliks vind hoe Hy jou lewe sal lei en verryk. Leef nie in jou eie krag nie, slaan ag op die stem van die Heilige Gees en jy sal wysheid vind. Gebede word verhoor en 'n kragtige getuienis word uitgedra. Al wat God vra is jou hart en daarby bou en behou die geloof. Hierin kan ons verseker wees Hy woon in ons hart met Sy teenwoordigheid. Laat Sy gesag jou rig en laat Sy Gees toe om jou te dryf.

Liefde Groete,
Ps Jacques.

### *Goue Gerwe Gebeure*

- Ons Goue Gerwe bidure het nie alleenlik met getalle gegroei nie, dis Here wat groot dinge doen, mense bymekaar bring en groot dinge doen by die aangeleentheid. Dit is elke Dinsdagoggend om 09h00. Ons nooi U uit, kom met 'n verwagting en sien wat die Here vir jou kan doen. Die aangeleentheid kan nie gemis word nie. Goue Gerwe bederf dae per kwartaal word nie meer gedoen nie, maar na elke biduur is daar 'n bederf vir elkeen. Kom geniet en kuier lekker saam.

- Die 5e Mei begin ons met ‘n reeks van 8 weke waarby ons bietjie meer gaan leer uit die Woord. Die tema is *“Getemperde Geloof.”* U word vriendelik uitgenooi om te kom luister wat die tema vir U inhou. Dit beloof om baie leersaam te wees.

- Die 26e Mei hou ons ‘n konsert wat inhou sang, sang items as U solo of saam iemand wil sing. Daar sal Bybellesing en gedigte voorgehou word met so bietjie komedie daarby. As U ‘n deelname wil hê aan die konsert kan U gerus Suster Hannie kontak of meedeel sodat ons ‘n deeglike program kan voorhou.

- Die Goue Gerwe Raad het goed gedink om ‘n fondsinsameling te loods waarby ons die 28 Junie ‘n Pik en Proe gaan voorhou vir ieder en elk. Die Pik en Proe sal verskeie soorte sop inhou. Inskrywing sal dan ook gedoen word by Suster Hannie en watter sop U dan sal voorsit. Die Gemeente word dan ook genooi om aan te sit by die geleentheid. Meer inligting sal nader aan die tyd aan almal meegedeel word.

Hier ‘n paar foto’s waarby ‘n bywoning is van ons Goue Gerwe biduur en selfs die bederf vir lekker kuier en samesyn na elke Goue Gerwe Biduur –





2026 Visie vir Deo Credo Familie Kerk:
*“Keer terug na God.”*

Liefde Groete,
Goue Gerwe Raad.

# NUUSBRIEF

Geagte medewerkers, ons wil eerstens ons Hemelse Vader bedank vir Sy leiding, liefde en krag wat Hy ons skenk vir Sy bediening.

Na aanleiding van my gedagte wil ek die volgende Bybelvers aanhaal:

Romeine 1:16: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek." (My stelling: Ook vir almal in Vanderbijlpark.)

Wanneer laas het jy met iemand gedeel oor God se liefde vir Sy skepping—die evangelieboodskap van redding deur slegs die bloed van Jesus? Ons het so baie verskonings: "Ek kan nie", "nie nou nie", "ek wil nie". Maar ons kan vinnig oor dinge van die wêreld praat. Ons skinder so lekker van ander.

Jy dink jy skinder en niemand anders weet nie, maar onthou: God weet.

Ek is ook bewus dat dit eintlik nie in Deo Credo Familie Kerk gebeur nie, maar ons moet ten alle tye God se wil doen—nie net op 'n Sondag nie.

As God jou geroep het om vir Hom 'n getuienis te wees, of in 'n amp geplaas het, sal Hy jou ook bekwaam maak vir jou roeping deur Sy Heilige Gees in jou.

Kyk wat met Jeremia gebeur het.

Jeremia 1:4–10: God het hom reeds voor sy geboorte as profeet aangestel. Jeremia antwoord God dat hy nie kan praat nie, want hy is te jonk.

Vers 7: God sê vir Jeremia hy moenie sê hy is te jonk nie, want waar God hom wil stuur, sal hy gaan, en wat God hom beveel, moet hy spreek. Die Here sê ook vir hom om nie bang te wees nie, want Hy is met Jeremia. God lê die

woorde in Jeremia se mond nadat Hy Jeremia se mond met Sy hand aangeraak het. Met God is alles moontlik. Almal is nie evangelisasiewerkers nie, maar elkeen kan met iemand oor Jesus se redding praat.

Maak seker dat ons die wil van God doen en nie dalk ons eie wil volg nie. Kom ons raak betrokke by departemente of rade en word diensbaar. Kom ons laat toe dat God se teenwoordigheid in elke raad tuis word.

**Kruistog se doen en late:**

- 10 Januarie: Ons vergadering met beplanning vir die jaar—meer siele, en die evangelisasieboodskap wat in ons dorp versprei word.
- 17 Januarie: Besoek aan Susan Care Centre. Ons bid vir 'n dame wat op sterwe lê, en maak seker sy is gered. Ons bring ook 'n kort boodskap van moed en hoop.
- 21 Februarie: Ons versprei evangelisasiekaartjies by Klein Pick & Pay (SE1) saam met pastoor Gerard.
- Ook op 21 Februarie: Ons hospitaalspan gaan na Cormed vir gebed en ondersteuning.
- 14 Maart: Ons plant 250 vlaggies naby Driehoek Skool.
- 4 April: Ons besoek Pioneer vir 'n diens daar. Ons bedien die Woord, bid vir mense en kuier lekker saam.
- 5 April: Ons help Goue Gerwe met boerekosverkope na die diens. Dit was baie geslaagd, soos altyd.
- 18 April: Ons neem deel aan 'n gemeente-uitreik en plant 1 000 vlaggies in die hele SE1-area.

Watter lekker tyd het ons beleef—alles was geseënd, en ek weet dat die Heilige Gees werk waar ons gesaai het. Ons dien 'n "awesome" God. Hy is en bly goed vir ewig.

Die volgende kwartaal lê voor. Dit vra baie harder werk, maar dit bly lekker.

Ek sluit af met die volgende vers:

Galasiërs 6:9: "En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie."

Mag elke medewerker die nuwe kwartaal ingaan met die versekering dat God met ons is.

Kruistog-liefde en groete.



**Damian** 084 490 8387
**Kaitlyn** 084 417 3646
jeug@deocredo.co.za

**Deo Credo Gemeente**
20 President Steynstr
Vanderbijlpark S.E.1.

# Kwartaal 2 Nuusbrief

Soos nog 'n kwartaal tot 'n einde gekom het en ons 'n nuwe een binnegaan, kan ons met dankbaarheid terugkyk en getuig dat die Here goed was vir ons jeug. Ons het 2026 afgeskop met slegs 'n paar jongmense wat betrokke was, en teen die einde van die kwartaal het dit meer as verdubbel.

Dit is besonders om te sien dat daar steeds 'n opregte passie onder jongmense is vir die Woord van die Here. Elke week beleef ons 'n groeiende nuuskierigheid en honger daarna. Harte word aangeraak en verander. Ons leef in tye waar dit al hoe meer ongewoon raak vir jongmense om die Here te dien, en dit kan hulle soms alleen laat voel. Daarom is dit vir ons belangrik om 'n hegte gemeenskap te bou waar jongmense mekaar kan ondersteun. Ons sien hoe dié wat alleen gevoel het, weer hoop kry en hoe vreugde terugkeer.

Ons sien met verwagting uit na die nuwe kwartaal wat voorlê. Hoewel ons nie op getalle fokus nie, glo en vertrou ons dat die Here nog jongmense oor ons pad sal bring – jongmense in wie se lewens ons kan belê en saam 'n toekoms kan bou in die bediening en die Kerk.

**Wat gebeur binnekort?**

- Ons is opgewonde om aan te kondig dat ons weer vanjaar 'n jeugkamp gaan hou vanaf **2 – 4 Oktober**. Die koste beloop **R1000 per persoon** vir die hele naweek. 'n Deposito van **R200** is nodig om jou plek te verseker.
  Ons vra ook vriendelik vir donasies om die kampkostes so laag as moontlik te hou. Indien u 'n spesifieke tiener wil borg, is u meer as welkom – dit sal opreg waardeer word.
- Op **17 Junie** beplan ons 'n gesamentlike fondsinsameling saam met die Goue Gerwe, waar ons pannekoeke gaan verkoop. Hou gerus hierdie spasie dop vir meer besonderhede.

Jongmens, ons nooi jou hartlik uit om deel te word van ons jeug. Hou ons sosiale media dop en voel vry om ons enige tyd te kontak – ons sien daarna uit om jou te verwelkom.

Ons wil ook opreg dankie sê aan elkeen wat ons jeug ondersteun en bystaan. Julle betrokkenheid en bydrae maak 'n groot verskil, en ons waardeer dit baie!

**Isaiah 54:10:** Though the mountains be shaken and the hills be removed, yet my unfailing love for you will not be shaken nor my covenant of peace be removed," says the Lord, who has compassion on you.

# TAV CREDO YOUTH

**Damian** 084 490 8387
**Kaitlyn** 084 417 3646
jeug@deocredo.co.za

**Deo Credo Gemeente**
20 President Steynstr
Vanderbijlpark S.E.1.













**Isaiah 54:10:** Though the mountains be shaken and the hills be removed, yet my unfailing love for you will not be shaken nor my covenant of peace be removed," says the Lord, who has compassion on you.

## JEUG BYEENKOMSTE

*Ouderdom 13 - 22*

*Vrydae @ 19h00*

## AAN AL ONS KINDERKERK MAATJIES

Ons nooi elkeen van julle van 3 - 13 om saam met ons lekker te kom leer, lag en speel by die kinderkerk.

**NOOI 'N MAATJIE**

Bo en behalwe vir die pret, plesier en die leer kan u kind elke Sondag verversings saam met ons kom geniet. Hetsy dit 'n broodjie, 'n muffin of 'n lekker "hot dog" is.

Ons leer die kinders onder andere die Onse Vader, Bybelverse, die Boeke van die Bybel en hoe om 'n goeie maatjie te wees. Om te vergewe en die Vrug van die Gees uit te beeld. Kinders, kom maak gerus 'n draai by ons Kinderkerk waar al die maats welkom is. Kom geniet 'n lekker saam met ons “and let us be joyful in the Lord.”

Ons sien ook baie uit na ons wildtuin uitstappie aan die einde van die jaar daarom is bywoning in die Kinderkerk ook belangrik. Jou kind is veilig by ons opgeleide Kinderkerk personeel terwyl u die Boodskap in die Kerk elke Sondag oggend kan luister.

Help ons om u kind se fondasie te bou. Die boustene te pak en die regte gereedskap te gee om so ook die Evangelie van God uit te brei vir Sy Koningkryk.

Elke Sondag oggend om 9 uur. Maats, ons sien julle daar

Wees n sport!

# KEN JY JOU BYBEL?

Kom toets jou Bybel kennis!
Deo Credo Familiekerk
5 Junie 17:30
20 President Steyn Straat SE1
Vanderbjilpark

Credo Kidz
Joshua 1:9

DEO CREDO
Geloof in God

**Elke lid in die wen span wen ń prys!**


Inskrywings:
Span van 4 R100
Span van 6 R150

**Kom ondersteun gerus ons koekverkoping!**

Alle ouderdomme welkom!

Een toestel per span sal benodig word! Dit is n elektroniese vraelys

**Bespreek asseblief voor 30 Mei om teleurstelling te voorkom: Lané 083 497 8006**



**Dwars:**

4. Die boek word genoem Klaagliedere van.......
7. Een van die vier Evangelies
8. Sesde boek in die Nuwe Testament
9. Eerste boek van die Nuwe Testament

**Af:**

1. Boek wat ons sing
2. Die Openbaring van.........
3. ......Van Salomo
5. Boek waarin die tien Gebooie staan
6. Enigste boek wat met 'n A begin
9. Laaste boek in die Ou Testament

**Leidrade:**

Johannes
Jeremia
Maleagi
Romeine
Spreuke
Amos
Lukas
Exodus
Psalms
Mattheus

# Credo Kids-span

## *Deo Credo Familiekerk* ✨

Voltooi die blokkiesraaisel, handig dit in by die Kinderkerk personeel en staan ‘n kans om ‘n prys te wen.

Naam en Van.......................................................




As jy nou oorweldig, gebroke of verlore voel, weet dit: jy is nie alleen nie, selfs al voel dit asof stilte jou omring. God sien jou ten volle - elke verborge traan, elke angstige gedagte, elke oomblik wat jy gevoel het om op te gee. Niks omtrent jou pyn is vir Hom onsigbaar nie.

Die Bybel herinner ons in Ps 34:18: “Die Here is naby die gebrokenes van hart en red die wat van gees verbrysel is.” Dit beteken jou pyn stoot God nie weg nie - dit trek Hom nader. Hy wag nie vir jou om “jouself reg te maak” voordat jy na Hom toe kom nie. Hy ontmoet jou hier, te midde van die stryd.

Soms word die lewe so swaar dat dit onmoontlik voel om te dra. In daardie oomblikke, onthou dat jy nooit bedoel was om dit alleen te dra nie. Jesus sê in Matt 11:28 “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” Nie tydelike ontvlugting nie - maar ware, siel-diep rus.

Dis oukei as jou geloof swak voel. Dis oukei as jou gebede soos fluisteringe of selfs stilte voel. God meet nie die krag van jou woorde nie - Hy reageer op die eerlikheid van jou hart. Selfs 'n stil “help my” is 'n kragtige gebed.

Jy is steeds geliefd. Jy is steeds uitverkore. Jy word steeds vasgehou.

Wat jy ook al in die gesig staar - of dit nou hartseer, angs, skuldgevoelens, verwarring of diep emosionele pyn is – definieer nie jou waarde of jou toekoms nie. God se planne vir jou word nie deur jou huidige omstandighede gekanselleer nie. Genesing kan tyd neem, en dis oukei. God werk dikwels sagkens en herstel stukkie vir stukkie.

Moenie bang wees om hulp te vra nie. Om met iemand te praat is nie 'n teken van swakheid nie; dis 'n daad van moed. God bring dikwels genesing deur mense sowel as deur gebed.

.En selfs hier, in hierdie oomblik, is daar hoop.
Nie omdat alles perfek is nie - maar omdat God teenwoordig is.

Jy sien dalk nie die volle pad vorentoe nie, maar jy hoef nie. Neem net die volgende klein treetjie en vertrou dat God saam met jou stap. Hy is jou toevlug, jou krag en jou konstante metgesel.

Jy is nie vergeet nie. Genesing is nie ver van jou af nie.

KONTAK: Brigitte Lombard 082 446 7694
Soné Botes 084 320 3840

# LEA KOS EN KLERE PROJEK



**Matteus 6:31-32:** "Moenie bekommerd wees nie... julle Hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het."

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot die kos- en klere projek vir mense in nood. Julle omgee, vrygewigheid en bereidwilligheid om te help, maak ’n tasbare verskil in die lewens van soveel mense. Dit is inspirerend om te sien hoe ’n gemeenskap saamstaan en hoop bring waar dit die nodigste is.

Mag hierdie projek nie hier stop nie, maar eerder groei van krag tot krag. Kom ons as Deo Credo Gemeente moedig mekaar aan om aan te hou gee, help en betrokke wees, sodat ons nog meer mense kan bereik en nog groter impak kan maak.

Ons word daaraan herinner dat die Here in al ons behoeftes voorsien. Soos ons ontvang, word ons ook geroep om uit te deel - met oop hande en oop harte. Dit wat ons gee, word ’n seën vir ander, maar ook vir onsself.

Brigitte Lombard  & Span

082 446 7694

**NORMALE DIENSTYE:**

| | | |
|---|---|---|
| Kinderkerk | Sondae | 09h00 |
| Sondagdienste | Sondae | 09h00 & 18h00 |
| Seniors biduur | Dinsdae | 09h00 |
| Huis sel | Dinsdae | 19h00 |
| Vroue biduur | Woensdae | 09h00 |
| PowerHour | Woensdae | 18h00 |
| Jeug byeenkoms | Vrydae | 18h30 |

1ste Sondag – Nagmaal
2de Sondag – Nuwe Medewerkers voorstelling
3de Sondag – Doop en Inseënings
Laaste Sondag – Verjaarsdae en Huweliksherdenkings

***Datums om te onthou***
31 Mei @ 09h00 Dr. Marius Higgins
20 Junie @ 09h00 Manne ontbyt

**SKOLE SLUIT OP 26 JUNIE**

**DAARMEE SAAM DIE VOLGENDE BYEENKOMSTE:**

Kinderkerk, Goue Gerwe biduur, Vroue biduur, Power Hour en Jeug

**SKOLE OPE OP 21 JULIE**

**DAARMEE SAAM DIE VOLGENDE BYEENKOMSTE:**
Vroue biduur – 22 Julie
Power Hour – 22 Julie
Jeug – 24 Julie
Kinderkerk – 26 Julie
Goue Gerwe biduur – 28 Julie

**Indien u Voorgestel of gedoop wil word, u kind laat inseën, 'n begrafnis reël of in die huwelik bevestig wil word kan u gerus die kerkkantoor skakel om die nodige reëlings te tref.**

Kantoor ure
Maandae tot Woensdae
08h00 – 12h00
Sel: 073 265-3526

**NB!!! Vir BEGRAFNIS reëlings kontak asseblief EERS die kerkkantoor om te bevestig of ons wel beskikbaar is om u te help op die betrokke datum en tyd wat u die begrafnis beplan, VOORDAT u met die begrafnis ondernemers reëlings tref.**




| | | |
|---|---|---|
| Alex Cunningham | 083 468-1513 | 01-Mei |
| Annelize Smith | 084 586-4516 | 01-Mei |
| Yolande Uitenweerde | 079 196-9311 | 03-Mei |
| Daleen Cunningham | 084 299-0069 | 07-Mei |
| Naas Labucshagne | 079 336-5016 | 08-Mei |
| Santie Myburgh | 074 888-5601 | 09-Mei |
| Hetta Bam | 081 701-9848 | 11-Mei |
| Jaco Maree | 082 569-5687 | 13-Mei |
| Jan Botha | 082 455-1926 | 14-Mei |
| Willem Erasmus | 083 663-3129 | 14-Mei |
| Tina Volschenk | 083 561-7682 | 15-Mei |
| Annamari Cunningham | 083 666-1464 | 16-Mei |
| Marise Lottering | 076 308-3576 | 16-Mei |
| Damian Pienaar | 084 490-8387 | 16-Mei |
| Joyce van Heerden | 076 053-7056 | 24-Mei |
| Johan Harmse | 064 881-9137 | 27-Mei |
| André Smith | 083 453-9738 | 27-Mei |
| Kalla Weineke | 076 901-1207 | 27-Mei |
| Shaun Gertzen | 076 422-5294 | 29-Mei |
| Joan Kruger | 073 554-7198 | 29-Mei |
| Ronel Koekemoer | 067 033-7030 | 30-Mei |




| | | |
|---|---|---|
| Nicolene Breedt | 082 574-3138 | 02-Jun |
| Arie du Preez | 074 548-7441 | 02-Jun |
| Mariana Lötter | 066 421-0851 | 03-Jun |
| Pamela Brits | 083 795-3341 | 04-Jun |
| Desiree Brits | 072 653-4958 | 08-Jun |
| Brigitte Lombard | 082 446-7694 | 08-Jun |
| Johan Oosthuizen | 082 394-6588 | 10-Jun |

| | | |
|---|---|---|
| Hester du Toit | 082 854-2203 | 13-Jun |
| Angie van Zyl | 078 520-0988 | 16-Jun |
| Hannie Luczyn | 060 905-8480 | 17-Jun |
| Thys Brits | 079 094-1949 | 18-Jun |
| Buks Kleynhans | 061 264-7539 | 19-Jun |
| Hendrik Uitenweerde | 083 253-5809 | 21-Jun |
| Theunis Botha | 072 380-7638 | 25-Jun |
| Chantal du Plessis | 078 737-9958 | 27-Jun |
| Talita du Plessis | 084 499-8923 | 30-Jun |




| | | |
|---|---|---|
| Meisie Gertzen | 082 484-6592 | 01-Jul |
| Annelie van Vuuren | 061 218-2291 | 04-Jul |
| Christien Weineke | 076 901-1207 | 06-Jul |
| Neels Koekemoer | 079 707-5119 | 07-Jul |
| Christo Fourie | 083 466-3988 | 14-Jul |
| Susan van Tonder | 073 188-4617 | 14-Jul |
| Giel Jacobs | 082 682-9776 | 15-Jul |
| Dorette Boshoff | 072 379-2317 | 18-Jul |
| Suzette Strydom | 073 265-3526 | 18-Jul |
| Lalie Deysel | 084 588-8333 | 19-Jul |
| Gert van Zyl | 072 802-9363 | 21-Jul |
| Lilani Bredenkamp | 071 134-4971 | 22-Jul |
| Gert de Meyer | 082 055-0181 | 22-Jul |
| Maréo Denton | 079 835-5529 | 22-Jul |
| Riaan Janse van Rensburg | 064 948-5533 | 22-Jul |
| Wilma Nagel | 083 743-9692 | 23-Jul |
| Hendry Pretorius | 078 611-6948 | 26-Jul |
| Santjie Kleingeld | 072 193-4556 | 28-Jul |
| Ronel Janse van Rensburg | 082 046-7959 | 29-Jul |
| Maxie Bosch | 082 350-7007 | 30-Jul |

# Gelukkige Huweliksherdenking

| | |
|---|---|
| Gert en Angie van Zyl | 14-Mei |
| Richard en Mary Bees | 19-Mei |
| Jorrie en Rienie Jordaan | 28-Mei |
| André en Renèe Smith | 29 Mei |
| Wimpie en Ilze Hattingh | 09-Jun |
| Theunis en Lulu Botha | 30-Jun |
| Johan en Sandra Oosthuizen | 01-Jul |
| Johan en Katrien Harmse | 27-Jul |

# DEPARTEMENTE...

*Presiderende Pastoor*

**Pastoor Gérard Botha**
**082 446-5303**

*Vroueaksie*

**Pastoor Belinda Botha**
**084 565-9099**

*Credo Jeug*

**Damian Pienaar**
**084 490-8387**

*Credo Kidz*

**Pastoor Belinda Botha**
**084 565-9099**

*Credo Seniors*

**Pastoor Jacques Uitenweerde**
**071 396-7432**
**Hannie Luczyn**
**060 905-8480**

*Kruistog*

**Eben Gerber**
**083 317-2434**

*El Saddai Berading*

**Brigitte Lombard**
**082 446-7694**

# IN KONTAK...

*Kerk info*

*KERKKANTOOR –*

*Suzette Strydom*

**Maandae tot Woensdae**
**08h00 - 12h00**
**Kantoor nommers :**
**064 798-9982**
**073 265-3526**

*ADRES:*

**President Steyn straat 20**
**SE 1**
**Vanderbijlpark**
**1911**

*EPOS:*

**adminsuid@mweb.co.za**

*WEBTUISTE:*

**www.deocredo.co.za**

*FACEBOOK:*

**Deo Credo Familie Kerk**

*BANKBESONDERHEDE*

**Standard bank**
**Deo Credo**
**Tjek rekening: 021 894 981**
**Takkode : 014-737**